higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE SUID-AFRIKAANSE GESONDHEIDSORGSTELSEL
NKR VLAK 3

(9020053)

8 November 2022 (X-vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

180Q1N2208

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ‘n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ‘n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

waarsêer; vroedvrou; kruiegeneser; profeet; tradisionele sjirurg

1.1.1 'n … word soms ook iSangoma genoem .


1.1.2 … help swanger vroue gedurende die voorgeboorte- en geboorteproses.

1.1.3 … maak gebruik van natuurlike produkte soos plantbas en wortels om moeti te maak.

1.1.4 … beskik oor die mag om bose geeste deur middel van gebede en heilige water uit te dryf.

(4 × 1) (4)

1.2 Bestudeer en voltooi die tydslyn hier onder deur die korrekte frases en beskrywings vir die geskiedenis van tradisionele medisyne aan te dui. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer.



(6)

1.3 Gee die definisie van die term *tradisionele medisyne* in 'n Suid-Afrikaanse konteks. (5)

1.4 Toon, met behulp van 'n diagram, die holistiese benadering van tradisionele medisyne in Afrika. (5)

1.5 Bespreek hoe holistiese praktisyns deur beginsels gelei word wanneer hulle gesondheidsorgdienste aan pasiënte lewer. (5)

Copyright reserved

1.6 Gegewe die Suid-Afrikaanse konteks, dink jy mense in jou gemeenskap gebruik tradisionele medisyne? Motiveer jou antwoord. (5)

[30]

VRAAG 2

2.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Sluit die nodige vitamiene, minerale en aminosure in	A	aromaterapie
2.1.2	Terapeutiese gebruik van essensiële olies vir behandeling van bepaalde toestande	B	akupunktuur
2.1.3	Gegrond op die beginsel van 'like cures like'	C	voedingsaanvullings
2.1.4	Behels die reiniging van liggaamstelsels om onsuiwerhede en chemikalieë uit die liggaam vry te stel	D	detoksifiseringsterapie
2.1.5	Hou die verstand/gees kalm en fokus op die huidige	E	kruiegenesing
2.1.6	Die gebruik om genesing en verandering te bewerkstellig terwyl die persoon in 'n beswymingtoestand is	F	homeopatie
2.1.7	Inkorporeer die eenwording van die verstand, liggaam en gees deur die gebruik van strukturele asemhaling en liggaamsposisies	G	hipnoterapie
2.1.8	Verwys na die gebruik van naaldprikke	H	masseerterapie
2.1.9	Word gewoonlik deur chiropraktisyns, fisioterapeute en osteopate gedoen	I	meditasie
2.1.10	Terapeute druk, vryf en manipuleer die spiere en ander sagte weefsels in die liggaam	J	spinale manipulering
		K	joga

(10 × 1) (10)

2.2 Noem VYF verskille tussen *tradisionele medisyne* en *moderne (westerse) medisyne* in Suid-Afrika. (5 × 2) (10)

2.3 Bespreek die uitdagings wat tradisionele medisyne in die verlede die hoof moes bied. (5)

2.4 Bespreek waarom jy dink mense in Suid-Afrika kan verkies om aanvullende medisyne in Suid-Afrika te gebruik, of nie. (5)
[30]

VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Indien die stelling ONWAAR is, dui so aan en vervang die onderstreepte woord/frase sodat die stelling WAAR is, bv., ONWAAR, gesondheid.

3.1.1 Tradisionele medisyne word deur die Raad vir Verwante Gesondheidsberoepe gereguleer.

3.1.2 Die Raad vir Verwante Gesondheidsberoepe word deur die Wet op Verwante Gesondheidsdiensberoepe 63 van 1982 gelei.

3.1.3 Die Wet op Medisyne en Verwante Middels 1010 van 1965 beheer nie alle mediese middels nie, insluitend aanvullende medisyne.

3.1.4 Moenie skade doen nie is 'n voorbeeld van 'n sleutelwaarde wat as riglyn vir aanvullende medisyne dien.


3.1.5 Holisme is een van die etiese beginsels wat as riglyn vir aanvullende medisyne dien.

3.1.6 Aanvullende medisyne word gewoonlik as veilig, beskikbaar en geskik beskou.

(10 × 1) (10)

Copyright reserved

3.2 Voltooi die volgende diagram. Skryf slegs die nommer saam met die betrokke antwoord in die ANTWOORDBOEK neer.



(11)

3.3 Jou vriend wil begin om aanvullende medisyne te gebruik, maar is huiwerig.

Noem VIER maniere om die risiko's wat met die gebruik van aanvullende medisyne gepaardgaan te beperk. (4)

3.4 Bespreek of jy dink dat aanvullende medisyne deur mediese skemas aanvaar word. (5)

[30]

VRAAG 4

4.1 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1.1 Die Wet wat privaat maatskappye ingestel het.

4.1.2 Regsdokumente wat gebruik word om te reguleer wanneer die regering 'n privaat maatskappy betaal om gesondheidsorg-geriewe te bestuur.

4.1.3 Infeksies wat dikwels in die hospitaalsituasie opgedoen word.

4.1.4 Artikel 47 van die Wet op Nasionale Gesondheid gee 'n uiteensetting van maatreëls om hierdie aspek te monitor.

4.1.5 'n Uitbreiding van tersiêre gesondheidsorg.

(5 × 1) (5)

Copyright reserved

4.2 Definieer die term *gesondheidsorg met winsoogmerk* in Suid-Afrika. (3)

4.3 Noem DRIE van die grootste privaathospitaalgroepe. (3)

4.4 Lees die volgende scenario's en noem die tersaaklike beleide/wetgewing wat die scenario's die beste beskryf. Gee redes vir jou antwoord.

4.4.1 'n Mynboumaatskappy wil verseker dat dit aan die v veiligheidsvereistes vir mynwerkers in Suid-Afrika voldoen.

4.4.2 Verseker dat die regte van pasiënte met mediese fondse wat privaat gesondheidsorg gebruik, beskerm word.

4.4.3 Verseker dat die regte van alle pasiënte en praktisyns in die gesondheidsektor beskerm word.

(3 × 3) (9)

4.5 Evalueer die rol van Primêre Gesondheidsorgherontwerpmodel (PGS-herontwerp) se in die verbetering van primêre gesondheidsorgdienste, vergeleke met die oorspronklike model. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 5

5.1 Kies die korrekte term uit die tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Privaat maatskappye word toegelaat om (dividend/uit eie sak) te verklaar en in wins te deel.

5.1.2 Privaat maatskappye onderneem dikwels liefdadigheidsgeleenthede in ooreenstemming met die (Nasionale Ontwikkeling/King III) Verslag.

5.1.3 Privaat verskaffers geniet (geen/gratis) toetrede in en uittrede van die gesondheidsorgmark.


5.1.4 Mediese (vlugtelinge/toeriste) is mense wat na ander lande reis om gesondheidsorgdienste te ontvang.

5.1.5 (Mediese fonds/uit eie sak) is die term wat gebruik word wanneer mense vir hul eie gesondheidsdienste betaal.

(5 × 1) (5)

Copyright reserved

5.2 Bestudeer die prent hier onder oor gesonde werkplekke en beantwoord die vrae.



[Bron: *https://www.sahealth.sa.gov.au/]*

5.2.1 Wat is *werkplekgebaseerde gesondheidsorg?* (5)

5.2.2 Noem VIER gesondheidsinisiatiewe wat by werkplekgebaseerde gesondheidsorg ingesluit is en daarop gerig is om gesonde mense in die werkplek te verseker. (4)

5.2.3 Bespreek die rol van die volgende Wette om 'n veilige en gelyke werksomgewing te verseker:

(a) Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 van 1993

(b) Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995

(c) Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes 130 van 1993

(3 × 2) (6)

5.2.4 Bespreek die voordele van werkplekgebaseerde gesondheidsorg vir die werkgewer. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 6

6.1 Skryf die volgende akronieme volledig uit.

6.1.1 BSO (‘CSO’)

6.1.2 NRO (‘NGO’)

6.1.3 FBO (‘GGO’)

6.1.4 GGO (‘CBO’)

6.1.5 OWO (‘PBO’)

(5 × 1) (5)

6.2 Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae.

NRO’S VANDAG: DING MEE OM HULPBRONNE, MAG EN ***AGENCY

Kentse Radebe Ncedisa Nkonyeni

5 Maart 2020

Sedert die Treatment Action Campaign se bewusmakingsveldtog, wat tot die uitrol van antiretrovirale middels gelei het, tot die vordering ** gains om gehalte-onderwys deur Gelyke Onderwys ‘n prioriteit te maak, het nieregeringsorganisasies (NRO’s) ‘n belangrike rol gespeel om vir gelykheid en maatskaplike geregtigheid in Suid-Afrika te ***advocating. Maar vandeesweek, op Wêreld-NRO-dag, is een van die dringendste vrae waarvoor NRO’s in Suid-Afrika te staan kom, of hulle wel ‘n volhoubare impak maak.

Daar is na raming 200 000 NRO’s in Suid-Afrika en in 2015 was daar net meer as 140 000 geregistreerde NRO’s. ‘n Verslag deur die Kagiso Trust ys daarop dat die toename in die aantal NRO’s ‘n styging van meer as 200% oor die afgelope 10 jaar verteenwoordig. Nazeema Mohamed, die uitvoerende direkteur van Inyathelo, verduidelik dat 'faktore soos die ekonomiese resessie, werkloosheid en dienslewering smislukkings moontlik die groei van die sektor negatief kan beïnvloed'. ‘n Swak ekonomiese vooruitsig, wat uitings gevind het in ‘n afname in regeringsbesteding oor kritiese sektore, het beteken dat NRO’s toenemend begin het om ‘n belangrike leemte te vul waar regeringsdienste beperk of afwesig is. ‘n Punt van kritiek teen die toenemende aantal NRO’s is dat dit verteenwoordigend is van die mislukking van die staat, en dat dit van NRO’s voorligtingsagente vir basiese dienste maak. Hierdie evaluering het verreikende implikasies vir die kritieke rol wat NRO’s speel om maatskaplike verandering en transformasie teweeg te bring.

[Bron:https://mg.co.za/analysis/*2020-03-05-ngos-today-competing-for-resources-power-and-agency/*]

6.2.1 Identifiseer VYF maniere hoe die regering NRO’s kan ondersteun. (5)

6.2.2 Behalwe dat NRO’s om gemeenskapshulpbronne meeding, sukkel hulle ook dikwels met befondsing.

Na jou mening, waarom sukkel NRO’s om befondsing te kry? Doen maniere aan die hand waarop NRO’s hierdie uitdaging kan aanpak.

(5 × 2) (10)

6.3 Teken die tabel hier onder in jou ANTWOORDBOEK oor.
Tabuleer VYF verskille tussen die *openbare* en die *privaat* (met winsoogmerk) gesondheidsorgsektor in Suid-Afrika.

OPENBARE SEKTOR	PRIVAAT SEKTOR
1. 2. 3. 4. 5.	1. 2. 3. 4. 5.

(5 × 2) (10)
[30]

TOTAAL: 180

Copyright reserved